

Dinsdag 30 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 107 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 107:43

God is altyd in beheer

Die Here troos sy kinders dat selfs die bitterste hartseer, swaarkry, ons nie toevallig nie, maar uit sy vaderhand toekom. Dít is ook waar ons ons troos moet soek – nie in menslike dinge nie, maar by ons Vader wat telkens sy kinders red (Ps. 107:6, 13, 19, 28).

Hy het immers sy eie Seun gestuur om ons uit ons diepste ellende, ons sondes, te red. In Psalm 107:20 is 'n voorafskaduwing daarvan: *“Hy het sy Woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle ... red.”* In Christus, die ewige Woord (Joh. 1), het Hy opnuut ons Vader geword. Vir ons Vader verdwyn niemand ooit in die massa nie. Vir elkeen van sy kinders is God 'n Vader. Al die wrede aanvalle, die verskriklike misdade wat daar is – Psalm 107 leer ons dat niks buite sy beskikking om kan gebeur nie. God die Vader, wat goed is, wat liefde is, is altyd in beheer.

Juis dít is die antwoord op die vrae oor die lyding van slagoffers: God is ons Vader in Jesus Christus. Sý antwoord op swaarkry sien ons aan die kruis. Psalm 107 lei ons om ons oog op die Here hou; om ons lewe op Hom te rig: vers 43 noem die wysheid, dat die kind van God moet let op alles wat gebeur, op die goederterenhede – alles uit die hand van ons Vader.

God red in Christus en verhoor die gebede van sy kinders, ten spyte van ons swakhede, al is ons wederstrewig, kleingelowig. Sy Vaderhart staan oop. Saam met Psalm 118 en Hebreërs 13 kan ons uitsing: *“Die Here is vir my 'n Helper, ek sal nie vrees nie: wat sal 'n mens aan my doen?”* Niks kan ons van sy liefde skei nie. *“As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oor-gegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?”* (Rom 8:31 ev.).

Sing: Psalm 107-1:1, 2, 9, 15

Dr. VE (Victor) d'Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar,
Duitsland)